education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

**LO1: ONTWERP (WERKBOEK/BRONBOEK)**
**LO2: FINALE PRAKTIESE EKSAMEN ONTWERPPRODUK**

**MODELVRAESTEL - 2006**

**PUNTE: 100**

**TYD: 18 ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel: Die Praktiese oopboek-eksamen.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele: Die Eksamenwerkboek/Bronboek (LO1) en die Finale Praktiese Eksamen ontwerpproduk (LO2).

## ALGEMENE INLIGTING: OOP FINALE EKSAMEN

Die Graad 10 Praktiese Eksamen word intern geassesseer en gemodereer.

## JAARWERKVEREISTES (LO1 EN LO2)

- Elke kategorie vir Ontwerp vereis spesifieke vereistes vir die jaarwerk. Hierdie inligting kan in die '*Design Learning Programme Guidelines*' en in die '*Subject Assessment Guidelines*' gevind word.

  Ontwerpprodukte (LO2), dus '*PAT*'-projekte wat gedurende termyn 1, 2 en 3 gedoen is, moet uitgestal word met duidelike aanduiding van die volgende: (linker onderste hoek: Termyn 1/2/3) en in die (regterkantste onderste hoek: Naam en van die kandidaat). Assesseringsvorms vir elk van die '*PAT*'-projekte, moet ingehandig word in die Werkboek/Bronboek (LO2) portefeulje/lêer. Dit is dus die eerste drie bladsye van die Werkboek/Bronboek van (LO2).

Die jaarwerkvereistes is VERPLIGTEND en slegs die kandidate wat in staat is om aan hierdie vereistes te voldoen, mag die eksamen op hierdie vlak aflê. Kandidate wat NIE jaarwerk inlewer nie - Werkboek/Bronboek (LO1) A3 en die minimum drie praktie-se jaarwerke (LO2), ook genoem '*PAT*', sal GEEN punte vir hierdie gedeelte van die eksamen ontvang nie.

## EKSAMENWERKBOEK/BRONBOEK A3 (LO1)

- Die Eksamenwerkboek/Bronboek (Ontwerpproses LO1) tel 50 punte en moet A3-formaat wees.

- Hierdie Eksamenwerkboek/Bronboek (Ontwerpproses LO1) moet ingehandig word in die Jaarwerkboek/Bronboek as die laaste deel of hoofstuk van die Jaar-Werkboek/Bronboek prosesprojekte (LO1). Toon duidelik op elke werkstuk aan (linkerkantste onderste hoek) dat dit die Finale Eksamenwerkboek (LO1) is. Die naam van die kandidaat moet ook duidelik aangedui word (regterkantste onderste hoek) op elke eksamenitem wat in die A3-Werkboek/Bronboek (LO1) ingehandig word.

- Die Werkboek/Bronboek A3-grootte (LO1) moet die volgende inhoudsopgawe bevat met duidelike bladsyverwysings vir elke projek, die halfjaareksamen en die finale eksamen (gedoen in 18 uur by die skool gedurende termyn 4).

## INHOUDSOPGAWE

1. Opdrag en assesseringsvorms vir minimum 3 '*PAT's*'/Ontwerpproduk (LO2) vir TERMYN 1, TERMYN 2 en TERMYN 3.

2. TERMYN 1: Werkboek/Bronboek-projek (LO1) met die opdrag en assesseringsvorm aan die einde.

3. TERMYN 2
   (a) Werkboek/Bronboek-projek (LO1) met die opdrag en assesseringsvorm aan die einde.

   (b) Halfjaareksamen Werkboek/Bronboek (LO1) met die opdrag en assesseringsvorm(s) aan die einde.

4. TERMYN 3: Werkboek/Bronboek-projek (LO1) met die opdrag en assesseringsvorm aan die einde.

   TERMYN 4: Eksamen Werkboek/Bronboek-projek (LO1) met die opdrag aan die einde.

Detail met betrekking tot die benadering van die Werkboek/Bronboek (LO1) kan in die '*Design Learning Programme Guidelines*' en die '*Subject Assessment Guidelines*' gevind word. Elke projek kan uit die volgende bestaan:

- Die leerder se opdrag en doelstellings
- Navorsing
- Verduidelikende prosesse ten opsigte van jou medium
- Voorbereidende tekeninge, byvoorbeeld kontoer- of tonale tekeninge, ensovoorts
- Finale tonale tekening (minimum EEN A3 of TWEE A4's)

## ASSESSERING VAN DIE EKSAMEN

'*PAT's*' of Praktiese Jaar Projekte (LO2) sowel as die Finale Eksamen Produk(te) (LO2), moet as 'n uitstalling saam met die gesamentlike Jaar- en Eksamen Werkboek/ Bronboek (LO1), aangebied word. Hierdie werk moet intern gemerk en gemodereer word vir Graad 10. Die Ontwerp-onderwyser(es) is verantwoordelik en moet toesien dat elke kandidaat se werk gemodereer word deur 'n ander Ontwerp-onderwyser(es). Voltooi ADDENDUM 2 en ADDENDUM 3 (sien '*Subject Assessment Guidelines*': Ontwerp).

- Werklike praktiese jaarwerke, NIE foto's daarvan nie, MOET uitgestal word.

- Assessering: Punte moet toegeken word soos in die '*Subject Assessment Guidelines*' verduidelik.

Voltooi die volgende praktiese opdrag:
(LO1) 50 punte en (LO2) 50 punte.

## TEMA: 'TROTS SUID-AFRIKAANS

Die 'Trots Suid-Afrikaans' logo, is die simbool vir 'n 'Koop Suid-Afrikaans'-veldtog wat beoog om 'n nuwe sensitiwiteit vir nasionale trots te bemark. Hierdie is 'n veldtog wat poog om ons almal trots te laat voel oor ons land, morele standaarde, manier van lewe, wat ons is, koop en voor lewe.

Hierdie logo is 'n simbool wat gebruik word deur maatskappye en produkte wat aan sekere standaarde moet voldoen, byvoorbeeld die produk of diens moet uit ten minste 50% plaaslike inhoud bestaan, dit moet van hoë kwaliteit spreek en moet aan regverdige arbeidspraktyke en verantwoordelikheid ten opsigte van die omgewing, voldoen. Hierdie veldtog is 'n kragtige manier om plaaslike maatskappye te ondersteun, om reeds bestaande werke te beskerm en om nuwe werksgeleenthede te skep. Die 'Trots Suid-Afrikaans 'etiket is die een wat jou soos 'n goeie Suid-Afrikaanse burger sal laat voel. Indien jy 'n artikel sou koop met hierdie etiket op, is jy verseker van 'n goeie koop en 'n geruste gewete. Ons ondersteun trots hierdie konsep, asook al die suksesvolle maatskappye en individue daaragter.

Hierdie logo toon dat die burgers van ons land, baie in gemeen het, nieteenstaande, al die verskille. Hierdie bewuswordingsveldtog spoor Suid-Afrikaners aan om meer plaaslike/ inheemse produkte te produseer en daarby meer werksgeleenthede te skep. Die uitdaging is nou vir die maatskappye wat nog nie hierby betrokke geraak het nie, om dit wel tot voordeel van ons ekonomie te doen. As ons plaaslike industrieë respekteer, ondersteun, oppas en help om te groei, sal min lande met ons kan kompeteer.

Plaaslike talentsoekers identifiseer ontluikende handewerk-, kos- en ontwerptalent en hierdie individue kry opdrag om hulle artistiese interpretasie van 'Trots Suid-Afrikaans'-objekte, ensovoorts, te gee. Gryp hierdie kans aan! Hierdie werke gaan deel word van 'n eksklusiewe'Trots Suid-Afrikaans'-kolleksie wat uitgestal sal word, beide plaaslik en internasionaal. Kom ons vier Suid-Afrikaanse ontwerp en dekor soos in die strate van Suid-Afrika gesien. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit.

Kandidate MOET EEN van die volgende praktiese opdragte met betrekking tot bogenoemde tema voltooi.

Dit MOET volgens die '*Learning Programme Guidelines*' -Junie 2006, beantwoord word.

## ONTWERPEKSAMEN-PROJEK:
## PRAKTIESE PROSES (LO1) EN PRODUK (LO2)

### PROJEK

Voltooi EEN van die volgende praktiese komponente van enige van die vier ontwerp-kategorieë. Die hoeveelheid eksamenwerk/items wat deur die kandidaat ingehandig word, is sy eie keuse, maar moet die eksamenpaneel oortuig van produktiewe tydsbesteding en kreatiewe probleemoplossing.

### KATEGORIE I: KOMMUNIKASIE-/INLIGTINGSONTWERP

1. KOMMUNIKASIE-/INLIGTINGSONTWERP

Ontwerp 'n nuwe en unieke logo of identiteit (dit wil sê 'n naam) wat 'Trots Suid-Afrikaans' bevorder. Dit kan enige van die volgende wees: 'n tipiese Suid-Afrikaanse maatskappy/-winkel of enige artikel/objek/produk of gebeurtenis wat gebruik word om 'Trots Suid-Afrikaans' te bevorder. Jy mag NIE die reeds bestaande logo gebruik nie.

**OF**

2. ILLUSTRATIEWE ONTWERP

Illustreer enige aspek wat met 'Trots Suid-Afrikaans' verband hou. Dit mag enige van die volgende wees: mense, bestemming(s), 'n ekspo, maatskappy/winkel of enige artikels/objekte/produkte waarmee 'Trots Suid-Afrikaans' kan word en moet op die omslae verskyn. (Neem asseblief kennis dat die titels op alle items met die hand gedoen moet word.

**OF**

3. DEKORATIEWE ONTWERP

Ontwerp patrone of konseptuele ontwerpe wat deel van die dekorasie en/of produkte/handelsware kan wees wat by 'n 'Trots Suid-Afrikaans-ekspo verkoop kan word. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

4. TEKSTIELONTWERP

Ontwerp 'n spesifieke tekstiel- of kledingstof vir 'n 'Trots Suid-Afrikaans'-ekspo/inligtingsentrum. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

5. EIE KEUSE VAN MEDIUM VIR DIE TEMA
(Verwys na 'LPG' vir moontlikhede)

**KATEGORIE II: KUNSVLYTONTWERP (BASIES TWEE-DIMENSIONELE ONTWERP)**

1. MODE-ONTWERP

Kandidate mag verkies om spesifieke tekstiel(e) of kledingstowwe te skep wat as uniform of uitrusting vir mense sal dien wat by 'n 'Trots Suid-Afrikaans'-funksie/maatskappy werk. Jy mag 'n mode-ontwerpskets van 'n model wat die voorkant sowel as die agterkant van die kledingstuk vertoon, insluit. Materiaalmonsters en -bykomstighede mag ook ontwerp en getoon word.

**OF**

2. MUURPAPIER EN GESKENKVERPAKKING

Ontwerp spesifieke geskenkpapier en/of verpakking vir 'n 'Trots Suid-Afrikaans'-ekspo/mark. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

3. WEEFKUNS

Ontwerp en skep EEN funksionele artikel, byvoorbeeld 'n houer wat kan oop- en toemaak of 'n geweefde mat wat gebruik kan word in die ingangsportaal van 'n 'Trots Suid-Afrikaans'-ekspo/maatskappy. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

4. GLASKUNS

Ontwerp 'n loodglaspaneel vir die ingangsportaal van 'n 'Trots Suid-Afrikaans'-ekspo/maatskappy. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

5. EIE KEUSE VAN MEDIUM VIR DIE TEMA
(Verwys na die 'LPG' vir moontlikhede)

**KATEGORIE III: KUNSLVYTONTWERP (BASIES DRIE-DIMENSIONELE ONTWERP)**

1. JUWELIERSKUNS

Ontwerp juwele wat idees met betrekking tot 'Trots Suid-Afrikaans' uitbeeld. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

2. INDUSTRIËLE ONTWERP

Ontwerp en skep 'n stoel en tafel wat gebruik kan word as deel van 'n uitstalling by 'n 'Trots Suid-Afrikaans'-ekspo/maatskappy. Oorweeg stoorplek, gemaklikheid en unieke/kreatiewe ontwerp met hierdie ontwerp. Die eenheid moet duursaam en esteties aangenaam wees. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

3. MARIONETONTWERP

Ontwerp 'n marionet wat gebruik kan word vir 'n produksie om 'Trots Suid-Afrikaans' te bemark. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

4. KERAMIEK

Ontwerp 'n funksionele keramiekstuk wat idees rondom 'Trots Suid-Afrikaans' uitbeeld. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

**OF**

5. EIE KEUSE VAN MEDIUM VIR DIE TEMA
(Verwys na 'LPG' vir moontlikhede)

**KATEGORIE IV: OMGEWINGSONTWERP EN DIGITALE ONTWERP**

Skole moet by die NGO aansoek doen om hierdie afdeling te doen

1. REKENAARONTWIKKELDE ONTWERP

Ontwerp 'n nuwe logo of identiteit (dit wil sê 'n naam) wat gebruik kan word om 'Trots Suid-Afrikaans' te bemark. 'Trots Suid-Afrikaans' beeld 'n eklektiese mengsel van geskiedenis en kultuur, die avant-garde en nuwe ikone uit, jy mag dit in die ontginning van die opdrag gebruik.

EEN van die volgende aspekte kan geadverteer word:

- 'n Spesifieke maatskappy/winkel wat artikel/objekte verkoop wat met 'Trots Suid-Afrikaans' verband hou.
- Die gebeurtenis/uitstalling wat 'Trots Suid-Afrikaans' bevorder or aanmoedig.
- 'n Produk/artikel wat by 'n 'Trots Suid-Afrikaans'-ekspo/maatskappy gebruik kan word.

Wanneer 'n kandidaat kies om 'n boek-/tydskrifomslag en CD-omslag te ontwerp, is die volgende van toepassing:

Die boek-/tydskrifomslag en CD-omslag kan enige aspek uitbeeld wat op die tema van toepassing is. 'Trots Suid-Afrikaans' moet op die omslag verskyn. Handgedoende letterwerk moet op die handgedoende gedeelte aangebring word. Hierdie letterwerk kan dan in die rekenaar ingeskandeer en gemanipuleer word of nuwe letterwerk kan vanaf die rekenaar vir die rekenaarontwikkelde gedeelte gebruik word.

**OF**

2. EIE KEUSE VAN MEDIUM VIR DIE TEMA
(Verwys na 'LPG' vir moontlikhede)

Kopiereg voorbehou